
# Bekering tot God





**2021-01-24**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**



## INLEIDING

- Dit is nou die tyd om ernstig met God te wees.
- Oproep tot bekering en om heilig te lewe.



# Skrifgedeeltes

- Joel 2: 1, 12-17



**Ernstige  Oproep Tot Bekering**

- Joe 2:1  Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby—
- Joe 2:12  Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.
- Joe 2:13  En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;
- Joe 2:14  wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy ‘n seën sal agterlaat—’n spysoffer en ‘n drankoffer aan die HERE julle God.
- Joe 2:15  Blaas die basuin op Sion, heilig ‘n vasdag, roep ‘n vergadering saam!
- Joe 2:16  Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.
- Joe 2:17  Laat die priesters, die dienaars van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?

## Die Wederkoms is Naby

- Jesus Christus se terugkeur is baie naby.
- Opskrif praat van 'n ernstige oproep tot bekering.
- Maak alarm.
- Waarskuwing




Joe 2:1  Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby—

## Werklike Berou & Bekering - Uiterlik

- Werklike berou en jammer oor ons sondes en dat ons God gefaal het is nodig uit ons hele hart.
- Kom nederig voor die Here
- Uiterlike tekens van berou

  (vas, geween en rouklaag)



Joe 2:12  Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.

## God nooi ons uit




- Uitnodiging
- Dalk voel jy dinge gaan nou nie goed nie.
- Dit kan ek egter baie erger gaan (from "bad" to "worse") as ons nie ag gee op Sy stem nie.
- Persoonlike inkeer en bekering wat binne jou siel moet gebeur.
- God vereis dit

Joe 2:12  Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.

## Werklike Berou & Bekering - Innerlik

- Dit moet in jou hart gebeur. Dit moet skeur.
- Help nie jy wys uiterlik dinge soos om jou klere te skeur, en dit gebeur nie binne nie.
- God soek jou hart (Psalm 51:19)
- Draai volkome na God.



Joe 2:13  En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;

# Werklike Berou & Bekering - Innerlik

- Dit moet gebeur met jou hele hart.
- Kry jou hele hart eers skoon



Joe 2:12  Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.
Joe 2:13  En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God;

# God Is ‘n Goeie God

Joe 2:13  ...... want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;

Living Bible:  ...for he is gracious and merciful.  He is not easily angered; he is full of kindness and anxious not to punish you.

- Barmhartig, lankmoedig, goedertierend, (merciful, compassionate, gracious, filled with unfailing love)
- Dit moet jou na God toe trek.
- Die manier hoe God jou hanteer verander wanneer jy na Hom toe draai.



## Heilig die Gemeente

Joe 2:15  Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!
Joël 2:16  Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.

- Laat almal die Here dien. Versamel. Niemand word verskoon nie.
- Heilig die gemeente
- Reinig jou hart
- Vrugte wat by die bekering pas



## Berei voor vir 'n bruilof

- Berei jou voor vir 'n bruilof

Joe 2:16  Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.





## Totdat Hy kom...

Onthou God maak nie ‘n fout nie.  Nou hier vir ‘n rede

- Deel die goeie nuus van Jesus Christus. (Mat 28:19)
- Bid sonder ophou (1 Thes 5:17)
- Wees in alles dankbaar (1 Thes 5:18)
- Bid in die Gees & waak (Ef 6:18)
- Blus die Heilige Gees nie uit nie (1Thes 5:19)
- Bly weg van die kwaad (1Th 5:22)
- Hou jou lamp vol olie (Mat 25:1-13)
- Soek die Here (Jes 55:6)

## Afsluiting

**2 Kron 7:14** en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.

*Rom 10:9  As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;*

# Bekeringsgebed

Hemelse Vader, ek bely vandag dat ek 'n sondaar is en dat ek 'n Verlosser nodig het. Ek weet dat ek nie myself kan red nie. Ek bely en glo dat Jesus Christus die Seun van God is, en dat God Hom uit die dode opgewek het. Vader, in die Naam van U Seun Jesus Christus vra ek dat u al my sonde sal vergewe. Jesus kom in my lewe in. Was my rein met U bloed en red my. Vandag, Jesus neem ek U aan as my personlike Saligmaker en Verlosser. Ek plaas my lewe nou in U hande en gee dit vir U. Dankie dat U nou in my lewe gekom het en dat ek nou op grond van U Woord weergebore en 'n kind van God is. Vul my met U Heilige Gees en lei my op die pad vorentoe. Ek wil en gaan voluit vir U lewe. Amen

*Rom 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;*

*Rom 10:13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

*Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;*

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: 082 462 1282

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible